191.T.2(48)

OA1

H. B. Thom.

**DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING**
**DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION**


Telegr. VOLKSOPVOEDING
Tel. 2-9971 Bylyn Ext.
Navrae Enquiries

Verw. Ref.

VANDERSTELGEBOU
VAN DER STEL BLDG
Privaatsak Private Bag X122
PRETORIA
0001


I.S. WYLE MEJ. SARAH GOLDBLATT

(ONTHULLING VAN 'N GEDENKPLAAT IN DIE TUIN VAN ARBEIDSGENOT, OUDTSHOORN, SATERDAG, 13 AUG. 1977, OM 3 NM.)

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER VAN DIE DIREKSIE, LANGENHOVEN-GEDENKFONDS

Waardering: Mnr. Jan Scannell — Opv. v. Sarah G. — Sy kennis v. haar — Stuk in D.B. 31 Mei '75. Sy werk

Ongeveer twee jaar gelede, Republiekdag, 31 Mei 1975, was ons hier in die tuin van Arbeidsgenot byeen. Ons het daardie dag gekom om, ná die verassing van Sarah Goldblatt, haar oorskot hier naby die borsbeeld van Langenhoven weg te lê. Ek het toe gesê dat 'n gepaste gedenkplaat met verloop van tyd hier aangebring sal word.

Vandag is ons weer hier bymekaar, op dieselfde plek waar ons toe was. Ons het gekom om te doen wat ek gesê het. Soos ons twee jaar gelede was, 'n betreklike klein groep mense wat na aan Sarah gestaan het, só is ons vandag weer. X [Nie vir skares.] Ons staan in eerbied stil om die gedenkplaat te onthul, waarmee ons dankbare hulde aan haar nagedagtenis bring.

2/..........


VERMY VERTRAGING: Meld asseblief bostaande verwysingsnommer in u antwoord.
AVOID DELAY: Please quote above-mentioned reference number in your reply.

Laat ons 'n paar hoofpunte uit haar lewe in herinnering roep.

Sarah Goldblatt was, wat herkoms betref, nie een "van ons" nie. Sy kom uit 'n Joodse huis; haar ouers het vanuit Oos-Europa na Engeland geëmigreer, na Londen, waar sy op Kersdag ~~1890~~ 1889 gebore is. Die eerste jare van haar prille jeug het sy in die Britse hoofstad deurgebring; en toe in 1897, as ~~sewe~~ sewejarige dogtertjie, saam met haar ouers na Kaapstad gekom, waar haar vader 'n klein drukkerytjie begin het.

Kaapstad, veel meer as Londen, was haar ware bakermat. In Kaapstad het sy haar skoolloopbaan voltooi; dis hier waar sy die ontvanklikste deel van haar jeugjare deurgebring het, dis hier waar sy in hoë mate geestelik gevorm is.

Van Kaapstad af het haar pad na Oudtshoorn gegaan, na Langenhoven, vir wie sy in 1913 gaan werk het, as assistente in die redaksie van Het Zuid-Westen. Dit het goed gegaan; sy was in 'n voor=uitstrewende omgewing; sy was onder gawe mense; sy was gelukkig met haar baas, haar "Chief", soos sy hom later gemoedelik-tergend-bewonderend genoem het; en hy was gelukkig met sy "Sub", soos hy haar later ewe gemoedelik aanvaar het.

Maar kwade dae het vir die gemeenskap van Oudtshoorn gewag: die bloeiende veremark het in duie gestort, en kwellende armoede het oornag vasgegryp waar gister nog kommervrye welvaart was. Sarah Goldblatt is terug Kaapstad toe, sy het verder gaan leer en onderwyseres geword.

Jare in die onderwys het gevolg, jare waarin sy ook op dié gebied

X veral in SAOU 'n groot rol gespeel.

haar stempel gelaat het. Toe word sy redaksielid van Die Burger; toe kom sy weer nader aan haar Chief; toe ontvang sy sy manuskripte, sy versorg dit en behartig die publikasie daarvan; X Sy, die Goodse vrou! en Chief het nou 'n ware Sub gehad. Sarah Goldblatt het die groot hoofstuk van haar lewe binnegegaan; sy het dit toe nog nie besef nie, maar die gebeure van later jare sou dit afdoende bewys; en sy het dit self ook alhoemeer ső gesien en intense geluk in haar werk gevind.

Toe Langenhoven in 1932 dood is, het sy administratrise van sy letterkundige nalatenskap geword. Het sy haar reeds voorheen in sy diens beywer, dan het haar toewyding nou geen perke geken nie. Haar huis, Loeloeraai in Mowbray, het die sender geword vanwaar die stem van Langenhoven en sy werke, al was hy nie meer daar nie, tot in die verste hoeke van ons land gedra is.

Die jaar 1973 het die grootste taak van haar lewe gebring: die treffende gedenkfees in die eeufeesjaar van Langenhoven. Drie-en-tagtig jaar oud het sy met onblusbare geesdrif die fees op Oudtshoorn vrywel eiehandig georganiseer, X Ons onthou dit XXX terwyl sy op baie ander plekke betekenisvolle bydraes gelewer het.

Met die fees verby, was haar kragte gedaan. Die blom het vinnig verwelk. Sy het ernstig siek geword. XX Besoeke. Dié wat haar in die laaste dae in die hospitaal in Kaapstad besoek het, het geweet: sy het verlang om huis toe te gaan. Op 22 Mei 1975, ~~in haar~~ vyf-en-tagtig~~ste~~ jaar oud, het sy ons verlaat.

Dit is die hoofmomente in haar lewe. Kom ons vra ons af: Waarom huldig ons haar nagedagtenis? En waarom wil ons hê dat diegene

4/.........

wat ná ons kom, dit ook moet doen?
Sy het uitstaande kenmerke gehad.

Sy was iemand wat deur groot geesdrif gekenmerk is. Sy was nie iemand wat dinge gedoen het net maar omdat dit gedoen moes word nie; wat sy gedoen het, het sy met ywer gedoen. Dit was ongetwyfeld 'n mooi kenmerk, 'n navolgenswaardige kenmerk, maar sŏ was daar ook baie ander mense en dit is as sodanig seker nog nie rede genoeg om besondere hulde aan haar toe te bring nie.

Sy was dwarsdeur haar lewe baie pligsgetrou, en ook hier het ons met 'n verdienstelike kenmerk te doen, maar sŏ was daar ook baie ander, en ook dĭt is as sodanig seker nie rede genoeg vir besondere hulde nie.

Sy was ook 'n besonder presiese gees, soms pynlik presies. Presiesheid van gees is 'n mooi kenmerk, maar ook hier kan ons sê dat daar al baie mense was wat hierdie karakter-eienskap vertoon het, en dat dit as sodanig nie rede vir buitengewone hulde is nie.

Sy was in 'n besondere posisie.
Sy was die assistente van 'n geniale man; sy het sy groot geestesgawes van naby gadegeslaan, en sy het haar werk goed en getrou gedoen. Maar ook in dié verband sou 'n mens kon sê dat daar al baie assistente van groot manne was, en dat ook in hierdie feit as sodanig nog geen rede vir besondere hulde geleë is nie.

Daar moet iets anders, iets groters, iets diepers wees waarom ons haar nagedagtenis in ere hou. - Wat is dit?

Laat ons voorop stel: sy was 'n buitengewone skrandere, ruime gees. Begaaf met 'n tintelende intellek het sy haar belangstelling na verre horisonne laat uitgaan: die letterkunde, die

natuurwetenskappe, fisiologie, soölogie, geologie, opvoedkunde en geskiedenis, meer bepaald Africana. In haar nalatenskap was daar boeke op al hierdie terreine, en verder nie minder as sewentig woordeboeke nie, asook ongeveer dertig Bybels of Bybelboeke.

Verder: sy was besiel met 'n grenselose geloof in haar saak; dit het by haar amper 'n obsessie geword. Dit het vir haar om Langenhoven gegaan, om sy werke, om sy nagedagtenis. Laat ons maar erken: sy kon soms onverdraagsaam wees - selfs vitterig en onredelik het sommige gesê - maar dan was dit wanneer, na haar mening, haar saak benadeel word, wanneer Langenhoven te na gekom word. Ons moet ons perspektief suiwer hou: as sy gefouteer het, was dit 'n swakheid wat uit haar verdienste voortgevloei het.

Die heel besondere by Sarah Goldblatt lê ook daarin dat sy nie in ons eie midde gebore ~~en getoë~~ is nie, maar van buite af gekom het.

Ons is miskien soms te subjektief: ons ken ons land, ons mense, ons omstandighede - ons raak gewoond daaraan; ons sien belangrike dinge nie meer raak nie. Maar sy het reeds vroeg in Langenhoven en in die Afrikaner iets raakgesien, iets wat sy gewaardeer en haar eie gemaak het. Haar lewe en werk spreek vandag luid tot ons: Laat ons nie kortsigtig wees en mense wat van buite tot ons kom, maklik afstoot nie; hulle mag vir ons groot bates word.

Ons sal saamstem dat sy vir ons almal 'n sprekende, besielende voorbeeld geword het. Dit gaan nie net om haar besondere ver= dienstes as sodanig - en indiwidueel - nie; dit gaan om die

kumulatiewe werking daarvan, om die harmoniese, voortstuwende geheel daarvan. Ons wat haar goed geken het, ons dra 'n duidelike, treffende geheelbeeld van haar met ons saam; dit is hierdie geheelbeeld wat besiel ~~en wat~~ ons wil laat voortleef.

Verder nog, en die vernaamste van alles: Sy het Langenhoven onberispelik getrou gedien, tot sy dood toe; en sy het daarná, tot háár dood toe, oor sy naam en sy werke gewaak, om ons die ware betekenis van Langenhoven na waarde te laat begryp. Oor die publikasie van sy werke het sy met die Nasionale Pers nou saamgewerk; en dit is met haar onmisbare hulp dat Tafelberg Uitgewers vir ons in die onvergeetlike eeufeesjaar van Langenhoven die indrukwekkende pragstel van die Versamelde Werke in 16 dele gegee het. Ek sê met groot eerbied: Die Here het vir ons Sarah Goldblatt gegee sodat ons ons eie beter kan verstaan en waardeer.

Ek kan nie beter doen nie as om hier die woorde aan te haal wat op 23 Mei 1975 - die dag ná haar dood - op die hoofartikelblad van Die Burger verskyn het:

> "Haar besondere verbintenis met 'n geniale skrywer het gegroei tot 'n lewenslange verbintenis met 'n nuwe taal en 'n nuwe volk. Haar geloof in hom het ook geword 'n geloof in hulle, sterker as dié van baie Afrikaners self."

Alles saamgevat, dra ons die oorheersende, onuitwisbare indruk

7/..........

met ons saam: eerbaar in haar optrede; nederig in haar liefde; getrou in haar taak; onstuitbaar in haar pligsvervulling - Sarah Goldblatt was 'n sieraad vir ons land en ons mense.

\+ + + + +

Onthulling van gedenkplaat.

\+ + + + +

<u>H.B. THOM</u>

OUDTSHOORN

13 Augustus 1977